

Boekaankondiging

- Buys, GL & Kritzinger, JJ. 1989. *Salig is die vredemakers: 'n Geskiedenis van die Kerk in SWA/Namibië*. Pretoria: Iswen. 274 p. R24,00 (+ avb).
- Res Conference Harare. 1988. *Christ's Rule: A light for every corner*. Grand Rapids: REC. 252 p. \$7,95 (VSA).
- Van Genderen, J. 1988. *Actuele thema's uit de geloofsleer*. Kampen: Kok. 131 p. 19,90 guldens.
- Langley, MR. 1989. *Groen van Prinsterer. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studies, PU vir CHO. R5,00.*
- Van der Walt, BJ. 1989. *Antheunis Janse van Biggekerke. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studies, PU vir CHO. R5,00.*
- Theron, PF & Kinghorn, J. 1989. *Koninkryk, kerk en kosmos. Huldigingsbundel ter ere van prof WD Jonker*. Bloemfontein: Pro-Christo Publikasies. 190 p. R27,00.

Boekbespreking

Blomberg, C. 1987. The historical reliability of the Gospels. Leicester: Inter-Varsity Press. p. XX + 268. Prys R41,25.

Blomberg is mede-professor in Nuwe Testament aan die Conservative Baptist Seminary, Denver, Colorado, USA.

Die boek het 'n voorwoord van FF Bruce. Blomberg stel dat hy die woord "historical" ingevoeg het in sy titel en dat dit die engste verskil is van die titel van Bruce se vroeëre boek.

Blomberg is 'n lid van 'n span wat die 6-delige "Gospel Perspectives" opgestel het. Hierdie 6 dele is meestal deur lede van die Tyndal Fellowship en sy Noord-Amerikaanse eweknie, die Institute for Biblical Research, geskryf.

Die boek is gebaseer op die 6 genoemde dele. Dit is bedoel as 'n inleiding vir studente en selfs bruikbaar vir nie-teoloe.

Die inhoud is in hoofsaak die volgende: Inleiding; Hoofstuk 1: Tradisionele benaderings t.o.v. die betroubaarheid van die Evangelies; Hoofstuk 2: Nuwe metodes in die bestudering van die Evangelies (Vormkritiek, Redaksiekritiek, Die Evangelies as Midrash, onlangs hermeneutiese ontwikkelinge, konklusie en 'n gevalle-onderzoek); Hoofstuk 3: Wonders; Hoofstuk 4: Botsings tussen die Sinoptici? Hoofstuk 5: Probleme in die Evangelie van Johannes; Hoofstuk 6: Die Jesus-tradisie buite die Evangelies; Hoofstuk 7: Finale vrae oor die historiese metode (Genre van die Evangelies, bewyslas en kriteria vir outentisiteit).

Dis duidelik dat Blomberg tot 'n groep konserwatiewe teoloe behoort. Belangrik is egter dat hy die metodes wat die radikale kritici gebruik, ook gebruik. Hy dui egter hulle inkonsekwentheid en verkeerde presupposisies aan. Blomberg sê dat teoloe nie met 'n blote beroep op inspirasie die historiese ondersoek moet vermy nie.

Sekere probleme waaraan radikale kritici nie aandag gee nie, word pertinent gestel. *Bvoorbeeld*: Om watter rede begin radikale kritici met twyfel oor die historiese betroubaarheid van die Evangelies terwyl hulle met vertroue die getuienis van buite-Bybelse bronne aanvaar waarteen hulle die Evangelies opweeg? Blomberg wys dat daar 'n toenemende vertroue deur volgehoue en eerlike navorsing kom oor die betroubaarheid van die Evangelies.

Slegs in enkele gevalle klink Blomberg nie oortuigend nie en sou 'n mens meer uitgesproke openheid wou hê om maar nog af te wag.

Die boek word van harte aanbeveel vir elkeen wat teologie studeer om predikant te word.

MA Kruger

Sanders, EP. 1977 *Paul and Palestinian Judaism*. London: SCM Press Ltd. 627 p.
Standers, EP. 1983 *Paul, the law and the Jewish people*. Philadelphia: Fortress Press.
227 p.

Sanders, EP. 1985 *Jesus en Judiasm*. London: SCM Press Ltd, 444 p.

In die geleedere van Nieu-Testamentici is in die afgelope jare heelwat gepraat oor die drie boeke van Sanders. Van die eerste van die drie werke is daar aanvanklik met skok en by sommige met aangename verrassing kennis geneem. Later het daar 'n enkele stukkie kritiek gekom. Dit lyk of daar nog meer diskussie op pad is. Die feit is egter dat hierdie drie boeke hoog aangeslaan word.

Paul and Palestinian Judaism bestaan benewens 'n inleiding en 'n konklusie uit twee hoofdele. Die eerste hoofdeel handel oor die Palestynse Judaïsme en het die volgende vier onderafdelings: Tannaïetiese literatuur; die Dooïeseerolle; Apokriewe en pseud-epigrafa; 'n konklusie oor hierdie afdeling. Die tweede hoofdeel handel oor Paulus. *Paul, the law and the Jewish people* bestaan uit die volgende ses hoofstukke benewens 'n inleiding en 'n konklusie-gedeelte: Die wet is nie 'n toegangsvereiste nie; Die doel van die wet; Die wet moet vervul word; Die ou bedeling en die nuwe; Paulus en die wet ('n samevatting van die vorige vier hoofstukke); Paulus as apostel van Christus en lid van Israel.

Jesus and Judaism bevat drie hoofdele behalwe die gebruikelike inleiding en samevatting: Eerstens is daar 'n gedeelte oor die herstel van Israel met onderafdelings oor Jesus en die tempel, nuwe tempel en herstel in die Joodse literatuur en 'n slotdeel oor ander aanduidings van 'n restorasie-teologie. Die tweede hoofdeel handel oor Logia (sayings), wonders en skares, sondaars en oor heidene. Die derde hoofdeel handel oor konflik en dood met onderafdelings oor die wet, opposisie en opponente en ten slotte oor die dood van Jesus.

Van *Paul and Palestinian Judaism* sê 'n resesent in "The Tablet": "Unless Professor Sanders is proved to be wholly wrong, this book is going to make a lot of faces red. His thesis is that the view of Judaism at the time of Christ which has prevailed, at least in Christian circles, throughout this century is wholly mistaken and based on ignorance. . . Its thesis is of major importance, and the learning with which it is argued will make it a force to be reckoned with for decades to come." Van *Jesus and Judaism* sê 'n resesent in die "New York Times Book Review": "I would be surprised if *Jesus and Judaism* does not turn out to be the most significant book of the decade in this field." Sanders is 'n skerp kritikus van mense soos Bousset, Billerbeck, Bultmann en die skrywers in die woordeboek van Kittel. Die belangrikste konklusie waartoe hy kom in die vergelyking van Paulus en die Palestynse Judaïsme, is dat daar nie 'n verskil was tussen hulle sover dit die verhouding tussen genade en werke betref nie. Dit bring mee dat Christene sal moet waak om nie te maklik veralgemenend te praat van "die Jode" en werkheiligheid in een asem nie. Dit roep ook vir verdere navorsing waarom die Evangelies en die res van die Nuwe Testament dan tog skynbaar die grootste gedeelte van die Jode saamgroepeer in die groep wat so swaar geleun het op verdienste. Sanders bring die rol van die priesters in die vervolging van Jesus duideliker uit as wat dit gewoonlik besef word. Wanneer 'n mens Handeling 13 lees, word dit al dadelik duidelik dat die aksent nou swaarder lê op die priesters as op die Fariseers en Skrifgeleerdes. Sanders toon aan dat dit voor die kruisiging al so was.

Die boeke is seker belangrik omdat Sanders dit waag om nuwe paie te gaan. Gereformeerde teoloe sal egter nie by Sanders aansluiting vind wat sy Skrifbeskouing betref nie. Waarheidsmomente daar gelaat, sal hulle tog 'n heeltemal ander standpunt moet inneem.

In die vergelyking tussen Jesus en die Judaïsme is veral die metode van Sanders opvallend. Hy kritiseer in aansluiting by Gerhardsson die metode van Vormkritiek, maar meen nogtans dat dit die beste metode is. Saam met Redaksiekritiek is dit dan ook dié komponente van die Histories-kritiese Metode wat hy gebruik. Sanders beskou homself eerstens as historikus en eksegeet. As eksegeet is hy nie iemand wat gedeeltes uit die Skrif neem en uitlê wat daar staan nie. Nee, as historikus wil hy eers vasstel wat outentiek in die Bybel is en wat nie. Eers daarna begin hy interpreteer. *Jesus and Judaism* wemel dan ook van uitsprake oor wat outentiek of nie outentiek is nie, veral ten opsigte van die Evangelies. Hy wantrou deurgaans die vermoë van die Evan-

gelie-skrywers om motiewe reg te kan weergee. Daarom is byvoorbeeld Lukas 15 : 2 vir hom nie waar (outentiek) nie.

Vir 'n historiese vasstelling van wat werklik gebeur het rondom en met Jesus meen Sanders dat die tempelreiniging die beste beginpunt is. Jesus sou dan met die tempelreiniging te kenne gegee het dat die einde van daardie bedeling op hande is en dat daar spoedig in die nuwe bedeling 'n nuwe tempel in die nuwe koninkryk sal wees wat deur 'n wonderdaad van God tot stand sal kom. Om tot hierdie hipotese te kom moet hy egter Matteus 21 : 13 (Mark 11 : 7) se woorde “. . . maar julle het dit 'n rowerspelonk gemaak” verwerp. Dit doen hy dan ook met verwysing na ander kritici wat dieselfde doen. Maar hy lê nie sy kaarte op die tafel nie. Met hierdie siening van die tempelreiniging as een van sy twee pilare bou hy dan 'n historiese beeld. Maar as die genoemde gedeelte tog outentiek is, stort sy hele gebou in duie.

'n Ander teorie van Sanders is die volgende: Die vyandskap wat teen Jesus ontstaan het, het hoofsaaklik ontstaan omdat Jesus sondaars in sy koninkryk ingeroep het sonder om van hulle bekering en die gepaardgaande offers te vra. Hy wys daarop dat Jesus nie soos Johannes oproep tot bekering nie. Myns insiens is die oproep implisiet so duidelik dat dit werklik nie nodig was om dit meer eksplisiet te maak nie, veral in ag genome die nou aansluiting tussen die prediking van Jesus en Johannes die Doper en die hoe waardering wat Jesus vir Johannes die Doper uitgespreek het.

Ten slotte kan gestel word dat daar waarskynlik binne Joodse kringe groot waardering sal wees vir hierdie boeke van Sanders. Dit sou ook die moeite loon om verder in te gaan op hierdie verskuiwing.

MA Kruger.

Kritzinger, J.J. 1988 Die onvoltooide sendingtaak in Suid-Afrika. Pretoria: UP, Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing. 116 p. R8,00.

Hierdie boekie is die resultaat van jare se navorsing deur 'n span deskundiges van oor die hele land. Die resultate is eers in 'n aantal aparte dele gepubliseer, wat oor die verskillende dele en bevolkingsgroepe van Suid-Afrika handel, in totaal 3 300 bladsye! Hierdie boekie is die samevatting van wat daar in vier-en-dertig dele gepubliseer is. En wat 'n rykdom van inligting! Dit is skokkend maar ook inspirerend. Skokkend omdat die ontsaglike materiele en geestelike nood van ons land se mense so duidelik hier geteken word, maar ook inspirerend, omdat die taak duidelik uitgespel word. Want hier word veel meer as net volledige statistieke gegee. Miskien die belangrikste inligting is die beskrywing van die “Tipiese Suid-Afrikaanse Scenarios” in hoofstuk 5, naamlik die tradisionele gemeenskap, meer moderne, maar onderontwikkelde gebiede, nuwe hervestigingsgebiede, gebiede met kommersiële boerderybedrywighede, minderhede op die stad en platteland, trekarbeiders in die stad, op die myne en op die platteland, pendelaars, nuwe stedelike saamtrekke, stedelike groepsgebiede, blanke stedelike gemeenskappe, en stedelike subkulture. Baie duidelik word die nood, die lyding, maar ook die uitdaging van elke groep uitgespel.

'n Mens sou wens dat elke Christen in ons land hierdie boek kan lees. Iemand wat oor die sendingtaak in Suid-Afrika wil saampraat, en wêet wat hy praat, moet dit lees.

Koos van Rooy.

Fowler, Stuart. June 1988. The Church and the Renewal of Society. Potchefstroom: PU for CHE/IRS. 108 p. R8,00.

In this booklet the writer deals with the following contents: The church in today's world; the community of the Word; the church in society; the continuance of the charismata; divorce: a fresh approach to a biblical understanding.

The Church and the renewal of society is a call back to the Scriptures. For the church of Jesus Christ is called to disciple the nations, to penetrate redemptively today's society with word and deed.

The book is very true to Scripture. It brings out the doctrine of the church and its role in a straightforward manner. It is a call to a theology of obedience. Word and deed cannot be separated. It really calls for a renewal of society as its title says through the ministry of the Word.

Ministers of the Word, professors of theology, theological students and all those who

hold offices in the church, this book is a must for them. One would love to see church members reading this for themselves. It wants to reach *all*.

The task of the church is clearly set out or spelled out in this book: to make disciples from all nations. "Discipleship is never a part time affair. It is a way of life." The Lordship of Jesus Christ must be manifested in all areas of life. In this task of renewing of society, it is not tradition, the wisdom of men or the desire of change for the sake of it, but the living Word must lead and shape the way.

I highly recommend it to whoever has ears to hear for the sake of the Lord's Kingdom.
PT Somerai.

De Groot, CG. 1988 Aurelius Augustinus 345 - 430. Potchefstroom: PU vir CHO/IRS. 90 p. Prys onbekend.

Die hernude belangstelling in Augustinus, die grootste teoloog wat Afrika nog opgelewer het, moet verwelkom word. Naas die uitgebreide vertalingswerk wat Gerard Wijdeveld tans van die werke van Augustinus onderneem asook die groter werke van onde andere Peter Brown en Michael Marshall oor hom, vorm hierdie kleiner en oorsigtelike werkie van De Groot 'n handige toevoeging. Hy skryf oor die wêreld waarin Augustinus gelewe het en sy jeugjare; sy verblyf in Carthago, Rome en Milaan; sy werk in Tagaste en Hippo; sy verhouding tot die Jode, sy kloosterideale, sy preekwerk en kategeese, sy *De Civitate Dei*, sy einde en sy invloed.

Uiteraard het ons nie hier met 'n diepsinnige en omvattende uiteensetting van Augustinus en sy teologie te doen nie – daarvoor moet die groter werke geraadpleeg word. Maar De Groot bied 'n goeie oorsig van wat die kerkvader oor sonde, genade en predestinasie geleer het en van sy verset teen Manicheïsme, Donatisme (met sy perfeksonistiese kerkleer), Arianisme en Pelagianisme. Dat daar by Augustinus soms asketiese trekke voorgekom het, byvoorbeeld ten opsigte van die huwelik (hy het nooit ware liefde in 'n suiwer huweliksgemeenskap beleef nie, 10), eiendom (hy het sy landgoed verkoop en die opbrengs aan die kerk en armes geskenk, 25, 63), die teater (met sy vulgareiteite, 37), moet deels uit sy lewensloop, deels uit sy kulturele konteks en deels uit sy Skrifverstaan begryp word.

Dit is waar dat die boekie bepaalde leemtes openbaar – byvoorbeeld in die weergawe van Augustinus se stryd teen die Donatiste – maar as kort en bondige inleiding op Augustinus is dit uniek in Afrikaans en behoort dit 'n weg te vind na baie harte en huise.

JH van Wyk.

Van Wyk, JH. 1986 Gesindheid en Gestalte. Pretoria: NG Kerkboekhandel. 239 p.

In die voorwoord waarsku die skrywer dat hierdie versameling artikels oor etiese onderwerpe oor 'n hele aantal jare ontstaan het, dat hulle nie almal van dieselfde standaard is nie, en dat dit ook nie voorgee om 'n volledige etiek te wees nie. Dit is ongetwyfeld waar veral in soverre sommige bydraes dateer uit die vroeë sewentigerjare en sommige 'n meer akademiese en ander 'n meer populêre gehoor veronderstel. Daarom is daar ook onderwerpe wat nie naastenby volledig genoeg behandel is vir die smaak van 'n wetenskaplike etikus nie, terwyl 'n leek weer lank sal kou aan woorde soos suïcidologie, irenologie en polemologie!

Dit is egter gou duidelik dat hierdie gevarieerde ontstaansgeskiedenis van die boek nie die uiteindelijke waarde daarvan aantast nie. Dit is 'n boek wat met dankbaarheid op elke etikrak verwelkom sal word. Daar is werklik uitstekende bydraes in vervat: die inleidende meta-etiese oorsig betrek letterlik alle aspekte wat gewoonlik hier behandel word en is geskryf met helderheid; die gedeeltes oor lotery, en veral ook die stukke etiek oor oorlog en vrede, spreek die kernproblematiek van dié saak goed aan; die politieke-etiese bydrae is fundamenteel en gebalanseerd. Van die beste bydraes is die slothoofstukke oor Etiek en Pastoraat en Etiek en Eskatologie. Deurgaans beïndruk die skrywer met sy eerlikheid, belesenheid en deeglikheid.

'n Mens is besonder dankbaar vir hierdie bydrae.

DA du Toit.

Theissen, G. 1987 *The shadow of the Galilean. The quest of the historical Jesus in narrative form*. London: SCM Press Ltd. 212 p. Prys: R34,75.

Hierdie besondere boek bevat die volgende: 'n Kaart oor Palestina in die tyd van Jesus; "In die plek van 'n voorwoord: Brief aan 'n kollega"; agtien hoofstukke: Die onderveraging, Afpersing, Andreas se besluit, Die opdrag, Die gemeenskap in die wildernis, Ontrafeling van 'n moord, Jesus — 'n sekerheidsrisiko?, Navorsing in Nasaret, In die grotte van Arbela, Vrees en liefde vir jou vyand, Konflik in Kapernaum, Manne op die grens, 'n Vrou protesteer, Verslag oor Jesus (of: Jesus in vermomming), Reformasie van tempel en gemeenskap, Pilatus bevrees, Wie was skuldig?, Die man: 'n Droom. Dan volg in styl van die begin van die boek "In place of an Epilogue". Dan is daar 'n aanhangsel oor die belangrikste bronne oor Jesus en sy tyd, en voetnote. Theissen se boek is in 1986 in Duits gepubliseer met die titel: *Der Schatten des Galilaers*. John Bowden het dit in Engels vertaal.

Die doel van die boek stel Theissen in sy eerste brief aan sy denkbeeldige gespreksgenoot as "to sketch in narrative form a picture of Jesus and his time which both does justice to the present state of scholarly research and is understandable to present-day readers." Verder sê hy: "I have chosen the narrative form in order to show readers who have no access to historical studies what scholars think and how they argue." Die opset van die boek is dat Theissen dan elke hoofstuk aan sy fiktiewe kollega sou stuur, 'n brief met kommentaar van die kollega sou terug ontvang en dan lewer Theissen tussen elke twee hoofstukke kommentaar op die brief wat hy dan sou ontvang het. In hierdie briewe tussen die hoofstukke word dan inligting gegee oor hoe Theissen die Histories-kritiese Metode gebruik.

Die hoofkarakter van die verhaal is 'n sekere Andreas wat per ongeluk vasgevang word in 'n relletjie in Jerusalem in die tyd van Pilatus. Hy word dan losgelaat nadat hy afgepers is om sogenaamd navorsing te doen oor aspekte wat moontlik die vrede kan bedreig in Palestina. So moes hy oor die mense in Qumran en oor Jesus gaan 'navorsing' doen en aan Pilatus se amptenare terug rapporteer.

Theissen slaag goed daarin om die kultuur-historiese agtergrond van die tyd van Jesus op aarde in die verhaal te laat uitkom. Theissen is werklik nie net 'n teoloog nie, maar 'n uitnemende skrywer van 'n historiese roman.

Hoewel sy Skrifbeskouing en sy metode van teologie beoefen vir iemand met 'n gereformeerde Skrifbeskouing vreemd is, en onaanvaarbaar, behoort elke Nieu-Testamentikus dit te lees. Hy maak met groot waardering melding van Sanders se *Jesus and Judaism*. Hy aanvaar blykbaar nog die Tweebronne-hipotese as 'n basis waarop die Evangelies bestudeer kan word. Dis tog eienaardig dat diegene wat nog die Tweebronne-hipotese aanvaar asof dit 'n bewese teorie is net eenvouding swyg oor die kritiek wat daarteen ingebring word. MA Kruger.

Barth, Karl. 1986. *Wolfgang Amadeus Mozart. Grand Rapids: Eerdmans (Vert. CK Pott)*. 60 p. Prys R9,95.

Dit is bekend dat Barth 'n besondere affiniteit vir die musiek van Mozart gehad het. Hy het trouens sy dagtaak begin deur eers na Mozart te luister en die hoop uitgespreek dat as hy in die hemel sou kom, hy hom eerste na Mozart sou wend en daarna na Augustinus, Thomas, Luther, Calvyn en Schleiermacher (16)! Barth het die uitsonderlike musikale begaafdheid van Mozart só bewonder dat hy die vraag oopgelaat het of Mozart nie dalk 'n engel sou kon wees nie (45)! En buitengewoon was hierdie man voorwaar. Dit is immers aan weiniges gegee om op drie reeds voor die klavier stelling in te neem, op vier reeds te speel en op vyf te komponeer (30)! Wat Barth in Mozart aangetrek het, was dat hy, anders as Bach wat 'n boodskap gehad het, en anders as Beethoven wat in 'n persoonlike belydenis geïnteresseerd was, 'n oog gehad het vir die vitale, die sentrale, die spontane (11 - 12, 37, 47).

Die boek bevat voordragte van Barth oor Mozart en gee 'n pragtige beeld oor hoe 'n groot Protestantse teoloog oor 'n groot Roomse musikoloog geoordeel het. Blykbaar is daar 'n noue relasie tussen teologie en musiek: is daar dan nie musiek in teologie en teologie in musiek nie? Wie die prag en waarde van Mozart se musiek ontdek het, sal hierdie boekie insiggewend en stimulerend vind. JH van Wyk.